

KOMMUNIKAMMA 23 AUGUSTUS 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:

Galasiërs 6: 9 & 10.

“Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral ons medegelowiges.”

SAKE vir GEBED:

- Dank die Here vir die Bybelgenootskap wat 200 jaar oud is. Vanjaar is die 87ste herdenking van die Bybel in Afrikaans.
- Ons loof en prys ons Hemelse Vader vir die wonderlike reën wat Hy vir ons gegee het. Ons glo dat Hy die sluise van die hemel sal oopmaak en nog mildelike reën vir ons en op die plekke in ons land, waar dit so verskriklik droog is, sal stuur.
- Ons is dankbaar dat daar so baie mense van die Covid-19 genees is. God is so goed. Hy het ons gebede verhoor. Ons harte gaan uit na almal waar geliefdes oorlede is.
- Ons dink ook veral aan die gesondheidspersoneel, in ons stad en wêreldwyd wat hulle alles in die stryd teen die virus gee. Alhoewel daar 'n afname in nuwe gevalle is, glo ons dat almal verstandig sal optree en by die regulasies sal hou.
- Bid vir die mense wat besighede, huise, inkomste, ens. agv. omstandighede verloor het. Ons glo dat daar uitkoms sal wees.
- Ons sê dankie dat dit goed gaan in die onderwys. Die onderwysers, leerders en studente werk hard en ons is trots op hulle.
- Bid dat God in Sy almag sal intree en 'n einde sal bring aan die onsekerheid en vrees wat deur die korrupsie, diefstal, moord en versteurde rasseverhoudings teweeg gebring word. Ons moet onthou dat ons kinders van die Here is en mekaar moet liefhê soos onself en dat ons ook ons vyande moet liefhê. Mag ons as gemeente en kinders van die Here anders optree as die res van die wêreld.
- Giel Meyer was vir toetse en 'n biopsie in die hospitaal.
- Zelda Bakkes, Mac Mackenzie en sy vrou Juliet van Karisma en Pierre Rootman sukkel almal met hul gesondheid.
- Ansie, dogter van Fritz en Nicky, het 'n operasie ondergaan.
- Bid vir Freek Pretorius en sy vrou Elsabe wat hom ondersteun.
- Linda Rossouw se suster, Olive in Zimbabwe, is baie siek in die hospitaal. Olive se man is ook siek.
- Freddie van Wyk se ma en Helene Herbst se pa is oorlede. Meegevoel aan hulle en hulle families.
- Paul Gerber, wat lank in die gemeente was, is skielik oorlede. Bid vir Annalize en die kinders.
- Die Voedsel-projek word goed ondersteun en 'n groot dankie aan almal wat bydraes lewer.
- Ons dra al ons geestelike leiers aan die Here op en vra dat Hy vir hulle sal toerus om nie moeg te word nie, maar dat hulle die goeie werk wat hulle doen met toewyding sal voortsit, tot Sy eer.
- Dink ook aan Willem en Lorraine Janse van Rensburg en die getuënis van hul geloof wat hulle in Vryburg uitleef.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Dit is vrouemaand en ons bid vir Christen dames in **Mali** wat gedwing is om met Moslem mans te trou. Bid dat die Heilige Gees hulle daagliks sal bemoedig en dat hulle sterk sal kan staan in hulle geloof.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU WORD HERVAT

Die kerkraad het besluit dat eredienste in September in die kerkgebou hervat word. Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande het ons reeds alles in plek. Slegs 50 persone word per diens toegelaat en ons mag nie sing nie. Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Getalle sal bepaal of ons een of meer dienste sal hou. Indien jy die erediens op 6 September in die kerkgebou wil bywoon, laat weet asb so gou as moontlik vir Niekie. (haar besonderhede verskyn aan die begin van die Kommunikamma) Doen dit asb voor of op eerskomende Donderdag 28 Augustus sodat ons 'n behoeftebepaling kan doen en daarvolgens kan voorberei. Indien daar 50 name op die naamlys is, sal slegs diegene wat "bespreek" het toegelaat word in die diens.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 23 Augustus

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 25 Augustus

Ons Bybelstudiegroep doen die nuwe boek van Deon Loots: Net een ding is noodsaaklik. Ons zoom Dinsdae van 15:30-16:30 vir Bybelstudie. Laat weet as enige iemand by ons wil aansluit of dalk net die boek wil hê. Ons zoom al te lekker saam. (Elizma Harmse – 083 940 5617)

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 19 Aug is reeds R 121 945.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by MG van Rooyen (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 26 Augustus

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR

18:00 Ons hou elke Woensdagaand 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Vrydag 28 Augustus

MANNEGROEP

05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Wattsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier. Ons oorweeg dit om van 4 September af weer saam te kuier.

VGK SA Cala

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zelda Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 23 Augustus Nonnie Botha, Chantené van Biljon, Kian van Biljon, Tania van Wyk, Stanley Vermeulen
- 24 Augustus Ann du Toit, Nico Oosthuizen, Suzette van der Walt, Jean-Roux van Huyssteen en Adri Vosloo
- 25 Augustus Nico Gouws
- 26 Augustus Craig de Beer en Mariette Grobler
- 27 Augustus Johanna la Grange, Tim Schmidt, Estelle Schoeman en Marius Terblanche
- 28 Augustus Johan Coetzee, Mila Coetzer, Charles Tait en Wihan van der Merwe
- 29 Augustus Nicolene de Beer, Ben Fourie, Ken Reed, Jurgens van Onselen en Deidre van Ryneveld



DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening"). Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

DANKOFFER

Die eerste 5 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentedelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentedelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weklíks uitgestuur op die Whatsapp gemeentegroep.